


# TIGHTLYBOUND TIENERBEDIENING

Liewe ouers, dit is vir ons as leraars en jeug mentors 'n groot voorreg om julle tiener vanjaar by TIGHTLYBOUND te verwelkom.

## Wat doen die tienerbediening?

Ons skep 'n spasie waar tieners met mekaar en hulle mentors iets van God kan beleef en leer. Ons werk ook met huishoudings en ouers deur ouerleiding geprekke te reël en 'Ons Huis' geleenthede waar die hele huishouding saam kan leer by die Tienerbediening. By TIGHTLYBOUND reël ons ook ander geleenthede waar die tieners saam kan weggaan, kampe en ander aktiwiteite. Ons groepe kom weekliks op Sondagmiddae 17:00 bymekaar (behalwe langnaweke en skoolvakansies). Tieners woon die aanddiens saam by, omdat dit van onmeetbare waarde in hul geloofsvorming is en omdat hulle ten volle deel is van die Geloofsfamilie. Vanuit die aanddiens se tema vloei die gesprekke en aktiwiteite ook in hul tienergroepe.

## Hoe doen Tightlybound dit?

Ons het betroubare mentors by die verskillende jaargroepe wat hulle tyd gee om 'n pad te stap met die tieners. Die mentors berei weekliks voor vir Sondag se ontmoeting. Ons doen dit deur die tieners te leer van die groot verhale in die Woord en partykeer saam 'n aktiwiteit te doen vanuit die tema, want tieners kan nie net gesels nie. Die mentors stuur hulle ook huis toe met 'n 'Wegstuur' om te help om die gesprek by die huis op te tel.
Ons reël ook geleenthede wat nie op 'n Sondag plaasvind nie, sodat die tieners mekaar kan leer ken, pret kan hê en selfs met hul ouers/huishoudings tyd kan spandeer. Op kampe en spesiale geleenthede reël ons dat 'n graadgroep ook meer in diepte oor 'n spesifieke tema of reeks kan leer, byvoorbeeld 'n Belydeniskamp as deel van ons voorbereiding op pad na jong volwassenheid.

## Wie is welkom in TIGHTLYBOUND?

Graad 7 tot graad 12 en hulle ouers/huishoudings.

## Hoe kan jy betrokke raak?

Tieners kan by graadgroepe inskakel wat op Sondae plaasvind. Jy kan by die aanddiens inskakel. Jy kan 'n mentor wees wat met tieners werk. Ons bied al die opleiding en ondersteuning. Jy kan selfs hulp en ondersteuning bied per geleentheid soos die behoefte ontstaan.

## KONTAKBESONDERHEDE

Kontak gerus **Karla Grahan** by **076 201 6646** of e-pos karla@ngmontana.co.za . Jy kan ook ons bedieningsvoorsitter kontak, Annatjie Coetzer by 072 275 8438.

***Gebedsversoeke*:**

- **Bid vir ons huishoudings met tieners.**
- **Bid vir die vinnige pas tussen Skool, Buitemuurs en die Huis.**
- **Bid dat huishoudings tyd met mekaar sal spandeer en ook saam kan gesels oor God en Geloof.**
- **Bid vir ons tienerbediening se mentors.**

> "Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.
>
> ***1 Timoteus 4:12*** "

